# 'Ken' as deel van die spraakpatroon van die verteller in die Johannesevangelie

E Engelbrecht

Abstract

**'To know' as part of the pattern of speech of the narrator in John's gospel.**

In line with modern narrative theory, this study presupposes that point of view is manifested on several planes in the narrative. It is argued that in John's gospel the phraseological plane should play a key role when point of view is established.

With this presupposition in mind the pattern of speech of the narrator is shown. The narrative is ripped lengthwise along 'to know' and related terms. A cross-cut is then made at those points where 'to know' and related terms occur.

As a result of this method a distinct pattern of speech emerged. From this pattern it is concluded that the narrator's point of view is that Jesus is the legitimate Christ because He knows that He was sent by the Father and that He will return to his Father. Because of this knowledge Jesus obeys His Father.

## 1. INLEIDING

Een van die opvallendste tendense van die Nuwe-Testamentiese eksegese na 1950 is dat navorsers al meer en meer wat die metodologie betref, spesialiseer. Hierdie spesialisasie het tot 'n groot mate nie net die eksegese van die ander teologiese vakgebiede vervreem nie, maar ook eksegete self 'hoor' mekaar nie meer altyd duidelik nie. Hierdie spesialisering het, soos reeds gesê, veral uitdrukking gevind in die navorsing oor metode. 'n Voorbeeld hiervan is D Patte se navorsing op die strukturele metode. Vir die nie-vakgenoot sowel as vir die vakspesialis is Patte (1978) se werk nie sonder meer toeganklik nie. Nethöfel (1983: 43) het tereg daarop gewys dat die teoreties-metodologiese vrae die teologiese vrae in die eksegese verdring het en dat die metodologiese 'krisis' om hierdie rede nie so vrugbaar is as wat dit behoort te wees nie.

Met hierdie metodologiese beklemtoning het die sinkronie as metode sterk op die voorgrond getree. Die metode beklemtoon dat die enigste

 ISSN 0259-9422 = *HTS* 43/3 (1987)

faktor van belang by die verstaan van 'n teks, die elemente van die teks self is. Die binnetekstuele verhouding van elemente word dus nou die enigste faktor wat interpretasie bepaal. Hierdie metode veronderstel dat elke element slegs binne die sinkroniese geheel funksioneer. Hiermee word die teks 'n geslote, oneindig-klein entiteit. Kolakowski (1985) wys daarop dat hierdie houding tot 'n besondere historiese nihilisme moet lei, omdat alle kontinuïteit van interpretasie hier uitgesluit word. Alle moontlikheid van kommunikasie tussen sulke monadiese eenhede en ander eenhede buite die besondere teks, is kragtens die vooronderstelling uitgesluit. 'n Besondere nihilisme bedreig ook die teologie, omdat eksegete hier dikwels net nie kans sien om enige normatiewe uitsprake op grond van die teks te maak nie.

Dit is 'n ope vraag of hierdie uitvlug uit die teologie in die literatuurwetenskap in, 'n metodologiese oorsprong het. Dié tendens se oorsprong moet eerder gesoek word in 'n algemene teologiese ontvlugtingstendens. In die pastorale sorg, byvoorbeeld, is die sielkunde en so meer nou nie meer hulpwetenskappe nie, maar die eintlike rigtingbepalers. So word gestel dat die mens sondaar is, maar dat die sielkunde eintlik inhoud moet gee aan die woord sonde (vgl Nethöfel 1983: 42).

Dit is verder ook duidelik dat 'n sinkroniese metode nie noodwendig nie-normatief moet funksioneer nie. 'n Duidelike voorbeeld van 'n sinkroniese werkwyse wat verder ook sterk normatiewe uitsprake maak, vind ons by Ina Gräbe (1986). Na 'n narratologiese ondersoek van die gelykenis van die barmhartige Samaritaan, kom sy tot duidelike uitsprake oor die strukturering van barmhartigheid in ons eie dag.

Een van die sinkroniese metodes wat in die teologiese eksegese deesdae ook op die voorgrond tree, is die een of ander strukturalistiese verhaalteorie. Hier word 'n teks geïnterpreteer vanuit die vooronderstelling dat die teks 'n besondere kommunikatiewe doel en funksie het. Hierdie model ondersoek 'n teks deur te let op die funksies van die narratiewe strukture wat in die teks aanwesig is.

Ook wat die Johannesevangelie betref, is daar navorsers wat dié evangelie verklaar vanuit die vooronderstellings van 'n strukturalistiese verhaalteorie (Culpepper 1983; Du Rand 1985). Hiermee het ons by die vraag gekom waarom navorsers juis rondom die navorsing van die Johannesevangelie na 'n nuwe benadering tot interpretasie gesoek het.

### 1.1 Nuwe metodes

Navorsers word toenemend ontevrede met 'n metode wat die uitleg van die Johannesevangelie uit vooronderstellings benader wat sterk siste-

matiserend die uitleg beïnvloed (Bühner 1977: 23). Dié evangelie is in die verlede veral verklaar uit die hoek van 'n diakroniese metode waarin die agtergrond van die evangelie gekonstrueer is as 'n Hellenistiese sinkretisme (W Bauer) of as 'n omgewing waarin die Christelike tradisie die Hellenisties-sinkretistiese opvattings gekorrigeer het (F Hahn; vgl Bühner 1977: 18vv). 'n Vir die evangelie vreemde godsdienspatroon (E Engelbrecht 1986) is hiermee op die Johannesevangelie afgedwing. Die Johannese Christologie word dan verklaar teen die agtergrond van die Hellenistiese *theîos ánthrōpos* voorstelling of 'n modifikasie van hierdie voorstelling. Die Johannese Christologie lê dus midde in die Hellenistiese sinkretisme of in 'n ontwikkelingstrajek wat in elk geval sy oorsprong gehad het in die Hellenistiese sinkretisme. Hierdeur is die Johannese Christologie deur diakroniese vooronderstellings versmoor. Dit is te verstane dat hiér min ruimte is om te vra of die Johannese Christologie nie dalk gedra word deur 'n Joodsbepaalde gesant- of profeetvoorstelling nie (vgl Bühner 1977: 23).

Die besware wat teen 'n diakroniese ondersoek ingebring word, geld ook vir dié ondersoek van Bühner (1977). Hy lewer natuurlik 'n waardevolle bydrae tot die Johannese navorsing deur daarop te wys dat die gestuur-Christologie van die Johannesevangelie sy modelle vind in die gesantreg van die outyd en veral in die godsdienstige modelle van die profeet en engel van die rabbinisme van Johannes se tyd. Omdat Bühner egter te min aandag gee aan die funksionering van hierdie modelle in die evangelie self, toon hy nie aan hoe Johannes hierdie modelle verleng en dikwels só verleng dat hulle opgehef word nie.

Die metodekrisis waarin die navorsing van die Johannesevangelie vandag verkeer, word duidelik wanneer die storms rondom Johannese probleme uiteindelik uitwoed en talle vrae dan nog onbeantwoord bly (vgl Becker 1979: 27; E Engelbrecht 1984: 22).

Bogenoemde besware teen 'n diakroniese metode het, soos reeds gesê, daartoe aanleiding gegee dat daar wegbeweeg word van die diakroniese metode na 'n sinkroniese metode. Indien hierdie nuwe tendens nie in teoreties-metodologiese vrae vasval nie en teologiese vrae nie op die agtergrond geskuif word nie, behoort hierdie nuwe tendens die eksegese en die teologie tot voordeel te strek. Hierdie voordeel kan net groter word as die sinkroniese metode die historiese nihilisme temper en ontslae raak van 'n hermeneutiese nihilisme waarin daar doodeenvoudig net nie kans gesien word om op grond van die teks normatiewe uitsprake vir ons dag te maak nie. Dit is egter 'n ope vraag of hierdie laaste tendens 'n metodologiese oorsprong het en

of die oorsprong nie eerder in 'n teologiese moegheid gesoek moet word nie.

### 1.1.1 Doelstelling in die konteks van die vooronderstelling

Hierdie studie gaan uit van die vooronderstelling dat 'n sinkroniese werkwyse 'n saaklike sowel as metodologiese voorrang bo 'n diakroniese werkwyse moet geniet. Die verhouding van elemente binne 'n teks moet dus die dominante rol speel en nie die verhouding van elemente binne die teks tot verwante elemente buite die teks, soos moontlike bestaanstyd en plek of godsdienshistoriese paralelle en so meer nie. Louw (1968: 32–40) gaan selfs so ver om hom veral by die sintaktiese elemente van 'n teks te bepaal en om die konstruksie van 'n bepaalde Christologie waarteen woorde betekenis sou kon ontvang, bewustelik buite rekening te laat.

Hierdie studie maak verder gebruik van sekere vooronderstellings van die moderne verhaalteorieë en daar word veral gelet op die vertellersperspektief. Hierdie begrip funksioneer redelik konstant oor 'n breë veld van die moderne verhaalteorie (vgl Du Plooy 1986: 25, 32, 65, 84, 202). Dat hierdie begrip vandag geweldig verfyn word, is egter ook duidelik (Genette 1980: 189). Onverfynd gestel, is die vertellersperspektief die bepalende aspek in 'n verhaal. Dis is die aspek van 'n verhaal wat die leser sal onthou. Die vertellersperspektief hou verband met die wyse waarop die verhaal aangebied word. Vertellersperspektief kan ook beskryf word as die standpunt waaruit 'n verhaal aangebied word.

Uspensky (1973: 83–96) het die begrip vertellersperspektief ook verfyn deur vyf vlakke te onderskei waarin die vertellersperspektief tot uitdrukking kom. Hiervan is die ideologiese vlak en die fraseologiese vlak onder andere deel. Die ideologiese vlak is die vlak waarin waarde-oordele tot uitdrukking kom. Die fraseologiese vlak is die spraakpatroon waarmee die verteller bepaalde idees uitdruk (vgl Van Aarde 1982: 55). Uit bogenoemde is dit duidelik dat die spraakpatroon van 'n verteller ook uitdrukking gee aan sy ideologiese perspektief.

Hierdie studie het as oogmerk om aan te toon dat die uitwys van die spraakpatroon van die verteller van die Johannesevangelie 'n belangrike rol speel om sy ideologiese perspektief en daarmee saam sy vertellersperspektief te bepaal. Daar is, soos reeds gesê, meer vlakke waarop die vertellersperspektief manifesteer. Al hierdie vlakke moet dus in berekening gebring word. Hierdie studie betoog egter dat die fraseologiese vlak by die Johannesverteller 'n sleutelrol speel.

Onder spraakpatroon word die geykte manier verstaan waarop die verteller sy verhaal aanbied. Vaste woorde, vaste frases en 'n vaste manier van uitdrukking word gebruik om uitdrukking aan 'n standpunt te gee.

## 1.2 Werkwyse

Hierdie artikel stel dus die vertellersperspektief waaruit die Johannesevangelie vertel word, veral vas uit 'n ondersoek na die spraakpatroon van die verteller. Twee faktore maak hierdie resultaat relatief. In die eerste plek, só is reeds betoog, behoort meer manifestasievlakke in berekening gebring te word. Om hierdie beswaar tegemoet te kom, word daar telkens van die ander manifestasievlakke nader getrek as korrelerende elemente. 'n Tweede faktor wat die resultaat van hierdie ondersoek relatief maak, is dat die spraakpatroon van die verteller nie volledig ondersoek word nie.

Om hiervoor te vergoed, word 'n besondere werkwyse ontwerp. 'n Element uit die spraakpatroon word gekies wat dwarsdeur die evangelie 'n rol speel. 'n Lengtesnit langs 'ken' en 'glo' sny die evangelie volledig in die lengte deur. Telkens word daar op hierdie lengtesnit ook 'n dwarssnit gemaak om te kyk watter ander elemente van die verteller se spraakpatroon rondom 'ken' en 'glo' vestig.

Hierdie dwarssnit hou twee voordele in. In die eerste plek verhoed dit dat disseksie só 'n uitmekaarsnyery word dat die eenheid van die vertelling uit die oog verloor word. Die vooronderstelling van die vertellingsontleding bring mee dat die metode eintlik op die geheel fokus. Die dwarssnitte bring mee dat die metode wat hier ontwerp is, groter gedeeltes van die geheel na die ondersoektafel bring en dat die geheel nie uit die oog verloor word nie. Die tweede voordeel van die metode wat hier ontwerp is, is dat die dwarssnit 'n belangrike faset van die verteller se spraakpatroon na vore bring. Die eie aard van die verteller se relatiewe koppeling van woorde kom hiermee na vore. Die metode is geskik om die patroon in woordgebruik bloot te lê. Op die voetspoor van die patroon word die eie karakter van die verteller se spraakpatroon vasgestel. Hierdie spraakpatroon is die uitdrukking van 'n idee. Hierdie idee staan, soos reeds gesê, op sy beurt weer in noue samehang met die vertellersperspektief.

Hierdie dwarssnitfase in die ondersoek hou ook nóg 'n voordeel in. Daar word rekening gehou met die semantiese stelreël dat woorde betekenis kry in hulle konteks, dit wil sê in hulle relatiewe verhouding tot mekaar.

Hierdie werkwyse was voldoende om die eintlike oogmerk van die artikel te bereik, naamlik om aan te toon dat meer manifestasievlakke nagegaan moet word om die vertellersperspektief van 'n verteller betroubaar vas te stel en dat die fraseologiese vlak in elk geval 'n belangrike rol moet speel.

## 2. 'KEN' EN 'GLO' AS DEEL VAN DIE VERTELLER SE SPRAAKPATROON

Die verskillende woorde waarmee die verteller 'ken' en 'glo' uitdruk, word eers afsonderlik nagegaan en daarna gekyk of hulle verhouding tot mekaar en in verhouding tot ander elemente van die taalgebruik van die verteller 'n spraakpatroon vorm en as sulks uitdrukking is van die vertellersperspektief. Hiermee kom die vraag nogmaals na vore oor wat onder 'spraakpatroon' verstaan moet word. Patroon is die uitdrukking van reëlmatigheid. 'n Spraak*patroon* kom na vore waar 'n verteller sekere woorde of segswyses dikwels en konsekwent gebruik. Die taalgebruik van die verteller vertoon as gevolg van sy konsekwente keuse 'n eie karakter. Eers wanneer die verteller 'n duidelike oogmerk met sy konsekwente gebruik het, kan ons van 'n spraakpatroon praat (vgl Uspensky 1973: 19). Hierdie artikel toon aan dat veral die verhouding van afsonderlike elemente van uitdrukking of segswyse van 'n spraakpatroon 'n aanduiding is van die vertellersperspektief.

### 2.1 *Eidénai*

Met hierdie woord verwys die verteller na 'n breë spektrum aktiwiteite. Hier kan sprake wees van herken (1: 26, 31, 33) of bloot kennis dra van iets (2: 9; 4: 32; 9: 21). Dikwels is dít waarvan kennis gedra word 'geloofskennis'. Hiervan is die antwoord van die Samaritaanse vrou 'n mooi voorbeeld: 'Ek weet dat die Messias kom' (4: 25; vgl ook 4: 10; 7: 15; 7: 28; 8: 19; 9: 29, 30, 31; 10: 4, 5; 11: 22; 12: 35; 13: 17; 14: 4; 14: 5, 7; 15: 21; 16: 18; 19: 35; 20: 9). 'Kennis dra van' is hier geloofskennis en byna konsekwent is die inhoud van die kenakte veral Jesus en ook God (7: 28; 15: 21). Waar die inhoud van die kenakte veral Jesus of ook God is, is konsekwent van 'n vertrouensverhouding sprake. Die verhouding tussen die herder en sy skape is hiervan die beste voorbeeld (10: 4, 5). Dikwels is hierdie kenakte waarvan Jesus en ook die Vader die inhoud is, negatief (7: 27, 28; 8: 19; 9: 29, 31; 15: 21). Hierdie 'ontken' het as onderwerp die inwoners van Jerusalem, die Fariseërs en die Jode. Dit is

opvallend dat wie ontken word in dié geval Jesus, maar veral ook sy Vader is. Wat die subjek van die (ont-)kenakte betref, is hier dus 'n opvallende klemverskuiwing.

Met *eidénai* gee die verteller ook uitdrukking aan 'n belydenis van geloof. Die Samaritane sê vir die vrou: '. . . en ons weet dat Hy waarlik die Verlosser van die wêreld is.' (4: 42). Die dissipels bely: 'Nou weet ons dat U alles weet . . . ' (16: 30). Teenoor hierdie belydenis van geloof staan die belydenis van ongeloof. Die Jode sê vir die blindgebore man: '. . . ons weet hierdie man is 'n sondaar.' (9: 24).

Hiermee het ons by een van die opvallende aspekte van 'ken' in die spraakpatroon van die verteller gekom en dit is dat *eidénai* baie dikwels na 'nie-ken' verwys. Aanvanklik herken niemand Jesus nie (1: 26, 31, 33). Vanaf hoofstuk sewe speel 'nie-ken' 'n sleutelrol om die ongeloof van die Jode uit te druk. Ook hier gaan dit nie slegs om blote, 'kennis dra' nie, maar die aspekte 'erken' en 'vertrou' kom sterk na vore (vgl 7: 27; 7: 28 (twee keer ironies gebruik); 7: 28; 8: 19 (twee keer); 9: 29, 30). Hierdie negatiewe aspek speel ook 'n rol in die karakterisering van die dissipels. Oor hulle geloof hoef die leser nooit te twyfel nie. Petrus bely immers: 'En ons glo vas en ons weet dat U die Heilige van God is.' (6: 69). Tog is daar in die kennis van die dissipels 'n progressie. Hulle weet nie waarheen Jesus gaan nie en hulle ken nie die verhouding tussen Jesus en die Vader nie (14: 4v; 14: 9vv; vgl 16: 18). Ook hierdie onkunde ruim Jesus uit die weg en die dissipels bely: 'Nou weet ons dat U alles weet . . . . Ons glo nou dat U van God gekom het.' (16: 30).

*Eidénai* speel ook 'n belangrike rol om Jesus se karakter te teken. Jesus dra kennis van wat om Hom aangaan. Hy dra kennis van die dissipels se gemor (6: 61; vgl 6: 64). Ook op 'n hoër vlak weet Jesus alles. Hy weet dat sy uur gekom het (13: 1; vgl 13: 3; 13: 11; 13: 18; 19: 28). 'Ken' gee egter ook uitdrukking aan Jesus se verhouding tot die Vader en die Heilige Gees (5: 32; 7: 29; 8: 55 (3 keer); 11: 42; 12: 50). Hierdie hoogste vlak van 'ken' word alleen deur Jesus gebruik. Hiermee gee Jesus nie net uitdrukking aan sy verhouding tot die Vader nie, maar ook aan sy kennis dat die Vader Hom gestuur het. Jesus neem die opdrag van die Vader ter harte (8: 55). Jesus weet van sy kruisdood. Hy weet ook dat sy Vader Hom hiervoor gestuur het. Die verteller laat Jesus dít egter nooit uitdruklik sê nie. Die verteller weet egter dat sy leser dit sal begryp (vgl 16: 12).

Die verteller ontplooi sy verhaal dus langs 'n dubbele plot. Op die eerste vlak loop die optrede van Jesus uit op 'n botsing met die Jode en hulle laat Hom kruisig. Op 'n dieper vlak, die vlak waar die kennis wat

die Heilige Gees gee, werklik word, weet die gelowige dat Jesus ook in sy sterwe sy opdrag van die Vader gehoorsaam het (vgl 14: 31). Die verteller plaas 'ken' duidelik in 'n dinamies-eksistensiële raam. Die raam van *ginōskein* gee hieraan duidelike uitdrukking (in 10: 15; vgl 6: 51). Dat Jesus sy lewe aflê vir die skape is dus die agtergrond waarteen 'ken' in hierdie gedeelte (10: 14–16) geïnterpreteer moet word.

Die dinamiese aspek van 'ken' word verder ook duidelik deur die resiproke verhouding van 'ken' en 'stuur' (vgl 7: 17, 18; 7: 29). Aanvanklik is die verhouding tussen 'ken', 'stuur' en Jesus se sterwe as 'n sterwe ter wille van (*húper*), nog raaiselagtig (vgl Bultmann 1978: 175). Die raaiselagtigheid word na die Paasfees egter glashelder. 'Eers wanneer julle die Seun van die mens verhoog het, sal julle begryp (*gnōsesthe*) dat Ek is wat Ek is, en dat Ek niks uit my eie doen nie, maar net verkondig wat die Vader My geleer het.' (8: 28; vgl ook 8: 29; 12: 32). Hierdie volledige kennis ná Jesus se kruisiging en verheerliking onderstreep die verteller ook in Johannes 12: 16.

Wanneer hierdie dinamies-eksistensiële aspek van 'ken' benut word om die vraag te beantwoord hoe die spraakpatroon bydra tot die verteller se karakterisering van Jesus, word dit duidelik dat spraakpatroon hier 'n belangrike rol speel. Die spraakpatroon is hier 'n manifestasie van 'n besondere aspek van die vertellersperspektief. Indien karakterisering slegs volgens 'n protagonis en so meer ontwikkel word, bly hierdie dinamies-eksistensiële aspek van Jesus se karakter verborge (soos by Du Rand 1985: 25). Van Aarde (1982: 55v) gee, in die voetspoor van Uspensky, genoeg aandag aan die fraseologiese vlak waarin die vertellersperspektief manifesteer. Dit is ook die geval waar Van Aarde karaktertekening by 'n verteller nagaan. Tog verwaarloos ook hy die spraakpatroon in dié sin dat hy, wat die fraseologiese vlak betref, veral op titels konsentreer. Soos reeds hierbo gesê, het wat die verteller van die Johannesevangelie betref, die spraakpatroon sleutelelemente van die vertellersperspektief gedra. Het Kittel se teologiese woordeboek die navorsers so vir 'begrippe' laat skrik dat hulle wegskram vir woordondersoeke in die spraakpatroon van 'n verteller? Ook Culpepper (1983: 38–41) wat terdeë bewus is van die belang van spraakpatroon, gee relatief min aandag aan idiome en die ander keuses wat die verteller maak met betrekking tot die manier waarop hy dinge uitdruk, dit wil sê die manier waarop hy sy idees na vore bring.

Alhoewel *eidénai* genuanseerd gebruik word en daarom meer verwysingsmoontlikhede dek, gebruik die verteller die woord in elke afsonderlike verwysing dikwels en konsekwent. Omdat *eidénai* 'n relatief

klein sektor van die spraakpatroon verteenwoordig, kan daar egter net voorlopige resultate aangestip word.

Een van die hoofverwysingsgebruike, soos reeds aangetoon, is om uitdrukking te gee aan 'n ken en vertrou waarin Jesus die 'voorwerp' is. 'Ken' speel dus in die karaktertekening van Jesus 'n belangrike rol deur al die ander karakters in dié verhouding tot Jesus te stel. Dit is opvallend dat wat die blote frekwensie betref (7: 28; 15: 21), die Vader minder die voorwerp van die kenakte is. Wil die verteller hiermee sê dat Jesus ook die kenmiddelaar is? Voorlopig kan dié vraag positief beantwoord word.

### 2.2 *Ginōskein*

Hierdie vroeë resultate wat bereik is, word bevestig deur 'n verdere nagaan van die verteller se spraakpatroon. Dit het reeds duidelik geword dat *eidénai* en *ginōskein* dikwels na dieselfde saak verwys.

Die verteller benut *ginōskein* dikwels net soos *eidénai* . Ook hier verwys 'ken' na herken (1: 10), of bloot kennis dra (3: 10), of geloofskennis (8: 32, 43). Wanneer Jesus en die Vader die voorwerp van die kenakte is, verwys 'ken' na glo (17: 25). Hierom verwys 'ken' ook na 'n geloofsbelydenis (6: 69) of 'n absolute ontkenning van Jesus (8: 52). Net soos *eidénai* speel *ginōskein* ook 'n rol om Jesus se karakter te teken. Jesus dra kennis van verskeie dinge (5: 6; 16: 19). *Ginōskein* gee ook uitdrukking aan Jesus se verhouding tot die Vader (10: 15; 17: 25). Dié woord verwys dikwels na die kennis wat die dissipels in die na-pase tyd het (8: 28; 13: 7; 14: 20). Die woord onderstreep die dinamiese aspek van 'ken' deur 'ken' nóú aan 'stuur' te verbind (17: 3; 17: 23). Die dinamiese aspek van 'ken' kom duidelik na vore wanneer die inhoud van die dissipels se (geloofs)kennis Jesus se gestuur-wees deur die Vader is (17: 25). Hierdie aspek sal later (Afdeling 3.1) aandag ontvang. Voorlopig word daar slegs gestel dat die band tussen 'ken' en 'stuur' nóú is (vgl 17: 3; 17: 8; 17: 18; 17: 21; 17: 23).

### 2.3 *Pisteúein*

Soos reeds aangedui, verwys 'ken' en 'glo' in die Johannesevangelie dikwels na dieselfde saak. Hierdie woorde se verwysing val dikwels só saam dat selfs die geloofsbelydenis met 'ken' uitgedruk word. Die segswyse van die verteller vorm rondom ken en glo 'n patroon in dié sin dat veral dié woorde gebruik word om die karakters in die vertelling

absoluut te polariseer. Soos in die geval van 'ken', gee die verteller reliëf aan 'glo' deur daarteenoor die 'nie-glo' te stel. Hierdie polarisering van sy karakters word deur die verteller op die ruimtevlak ondersteun. Die Jode in Jerusalem verwerp Hom terwyl die Galileërs Hom ontvang. Die verteller benut dus die vlakke van fraseologie, ruimte en karaktertekening in noue samehang om sy perspektief te onderstreep.

Die patroonmatigheid van die woordgroep 'ken'/'glo' word duidelik in hulle voorwerp. Dikwels is Jesus die 'voorwerp' van geloof (3: 14, 15, 18; 4: 41). Net soos by 'ken' is die inhoud van geloof ook dikwels dat God Jesus gestuur het (11: 42; 16: 27, 30; 17: 21) en dat Jesus se koms ook met die oog op sy kruisiging is (3: 14, 15). Ook wat 'glo' betref, is daar net soos by 'ken', 'n noue verband tussen 'glo' en 'stuur' (11: 42!).

## 3. DWARSSNIT: DIE RELATIEWE VERHOUDING VAN 'KEN'/'GLO' EN ANDER ELEMENTE

### 3.1 'Stuur'/'het gekom'/'gaan'

Maak 'n mens 'n dwarssnit in die evangelie by 'ken'/'glo' as snypunte, is dit opvallend dat *érchesthai, húpagein* en *pémpein/apostéllein* telkens ter sprake is.

Dat Jesus weet dat Hy van die Vader af gekom het en na die Vader terugkeer, is die implisiete vooronderstelling van talle uitsprake (14: 1, 2; 28; 16: 7, 27v). Die verteller stel dit egter ook uitdruklik dat Jesus weet dat Hy van die Vader kom en na die Vader terugkeer (8: 14vv; 13: 1, 3).

Dikwels word dit beklemtoon dat die inhoud van die dissipels se geloof, die kennis is dat die Vader Jesus gestuur het (5: 24, 38; 17: 3, 8, 18, 21, 23, 25).

Die verteller bring rondom 'ken', 'glo', 'stuur' en 'kom' die vraag na vore wie Jesus is. Juis dié spraakpatroon van die verteller beklemtoon dat rondom Jesus 'n keuse gemaak word. Hierdie element van die spraakpatroon gee dus reliëf aan die persoon van Jesus. Bühner (1977: 134) beklemtoon tereg dat Jesus se 'vanwaar' en sy 'waarheen' deel vorm van die vraag of Jesus die legitieme Christus is (vgl 8: 28). Dit het relatiewe waarde om vanuit die resultate van 'n metode op die bruikbaarheid van dié metode te besluit. Tog word 'n mens verlei om vas te stel dat dit as 'n winspunt van die metode om die vertellersperspektief op fraseologiese vlak na te gaan, aangeteken moet word dat die vertellersperspektief hierdeur helder na vore getree het.

Die verteller se fraseologie toon rondom 'ken', 'glo', 'stuur' en 'kom' 'n duidelike patroon deurdat die Christus-legitimiteitsvraag hierdeur telkens aan die orde gestel word. Jesus se besondere afhanklikheid van die Vader gee dus nie eintlik uitdrukking aan sy statusverhouding tot die Vader nie, maar onderstreep sy legitimiteit.

'n Opvallende kenmerk, soos reeds gesê, van die verteller se patroon rondom 'ken'/'glo' is die plaas van 'ken'/'glo' teenoor 'ont-ken'. 'n Verskuiwing tree egter in by 'ont-ken'. Hier is die Vader weer meer dikwels die voorwerp. Hierdie verskuiwing hang saam met die plot. Dit hang saam met die Jerusalemse Jode se vyandigheid teenoor Jesus. Dié verskuiwing hang ook saam met die verteller se konsentriese konstruksie rondom ken. Die 'hoogtepunt' van 'ken' is om die Vader se wil te ken (vgl Afdeling 3.5). Daar is reeds aangetoon dat die verteller 'n eerstevlak-plot ontwerp waardeur hy aandui hoe dit gebeur het dat Jesus gekruisig is. Hier waar die Joodse vyandigheid na vore kom, dui die verteller duidelik aan dat die Jode nie vir Jesus verwerp nie, maar vir God. Met hierdie besondere benutting van 'ont-ken' gee die verteller ook reliëf aan die ruimtevlak van sy vertelling. Dit is die Jerusalemse Jode wat vyandig teenoor Jesus is.

Hiermee kom ons by 'n aspek wat eie is aan die Johannesevangelie. Wat 'ken'/'glo' betref is daar geen progressie nie en tog progressie. Progressie is 'n element van karaktertekening. Hier rondom karakters moet ons tussen indirekte/primêre en direkte/sekondêre karakters onderskei. Die indirekte/primêre karakter is die karakters in die primêre kommunikasieproses van die vertelling. Hulle speel hulle rol veral rondom die verhaal op indirekte wyse. Hulle is die verteller, die veronderstelde leser en so meer. Wat die verteller betref, is daar geen progressie in sy kennis nie. Daar is niks **misterieus** (teen Du Rand 1985: 33) omtrent Jesus nie. Hy weet wie Jesus is en hy vertrou volkome op Jesus. Dít verwag hy ook van sy leser.

Op die direkte/sekondêre vlak kry ons die aktante. Dit is die karakters wat **in** die verhaal hulle rol speel. Wat die dissipels betref, twyfel hulle ook vir geen oomblik aan Jesus nie. Tog weet hulle nie alles nie. Jesus voer hulle geleidelik tot volle kennis. Hierdie 'ten volle ken' word dan 'n werklikheid na paasfees en na die gawe van die Gees (vgl 8: 28; 16: 30 en verder 2: 21; 12: 16).

Die spraakpatroon sluit hier dus aan by die verteller se karakters op primêre en sekondêre vlak. Die spraakpatroon sluit ook verder aan by sy konstruksie van 'n dubbele plot. Oënskynlik sterf Jesus deur die

vyandige hand van die Jode. Eintlik is Hy besig om sy sending deur die Vader, uit te voer.

Reeds in hierdie vroeë stadium van die ondersoek het dit duidelik geword dat die verteller met meer woorde na dieselfde saak verwys. Met 'ken' ( *eidénai* en *ginōskein*) en 'glo' verwys hy soms na dieselfde saak.

### 3.2 Logos-Christologie en gesant-Christologie

Die histories-kritiese navorsing op die Johannesevangelie het verskeie bronne in die evangelie uitgewys. Becker (1979: 56) wys in dié evangelie die werk van 'n skool uit wat hy ook E noem en wat as die 'Verfasser' van die evangelie geld. Verder vind Becker veral in die groot leerredes die teologie van E die duidelikste uitgedruk. Dit is opvallend dat in die leerredes 'n gestuur-Christologie voorkom. Hier ontbreek die Logos-Christologie wat so sterk in die eerste hoofstuk op die voorgrond tree. Word die evangelie dus beskou as 'n samestelling uit verskillende bronne en toevoegings van die 'Verfasser', is dit duidelik dat die Logos-Christologie nie verder ontwikkel word in die eie toevoegings van E nie.

Die waarde van die histories-kritiese metode is sy analitiese resultate. Die metode kon die onderskeid tussen die twee Christologieë duidelik uitwys. Omdat hierdie metode nie op die evangelie as eenheid die klem lê nie, kan dit dus tot geen ander gevolgtrekking oor die twee Christologieë kom nie. Die een is bloot net nie verder ontwikkel nie.

Aanvaar mens egter die vooronderstelling van die vertelligsanalitiese metode dat die evangelie die werk van 'n verteller is, word die twee Christologieë heeltemal anders verstaan.

Reeds in die vroeë stadium van hierdie ondersoek het 'n besondere vertellerstegniek na vore gekom. Dikwels projekteer die verteller op sy verteldoek meer beelde oormekaar. Dit gebeur op verskillende manifestasievlakke van die vertelling. Wat die fraseologiese vlak betref, het ons reeds gesien dat hy twee woorde oormekaar op die doek gooi en daarmee na dieselfde saak verwys.

Ook wat die plot betref, het hy twee plotte oormekaar gegooi. Jesus sterf omdat die Jerusalemse Jode Hom verwerp. Eintlik sterf Jesus omdat die Vader Hom gestuur het en omdat Hy die Vader liefhet, ken en gehoorsaam.

Die idioom, en perspektief, van die verteller en sy karakters val dikwels oormekaar. Die idioom van die verteller en Jesus val wat 'ken'

betref, saam. Die perspektief van die verteller, Jesus in die dissipels van saam. Soms is die leerredes so gebou dat die leser skoon vergeet wie nou eintlik aan die woord is (vgl Culpepper 1983: 38).

Ook wat die tydsvlak betref, word beelde gewoonweg oormekaar gegooi. Oor Jesus se tyd word die perspektief van die na-Pase tyd en die tyd van die Gees gegooi (vgl Becker 1979: 57).

In die lig van bogenoemde projeksietegniek is dit waarskynlik dat die verteller ook 'n dubbele Christologie op die doek gooi. Alhoewel die Logos-Christologie nie verder ontwikkel word nie, besef die leser dat Hy wat gestuur is en die lewe gee, Hy is wat die lewe kan gee omdat Hy die Woord is. Nou verwant aan bogenoemde vraagstuk is ook die vraag na Jesus se kruisdood in die Johannesevangelie. 'n Ontleding van die vertellersperspektief vanuit die fraseologiese vlak kan moontlik ook 'n antwoord gee op verskeie vrae waaroor daar in die navorsing tot nou toe nog nie ooreenstemming bereik kan word nie. Die duiding van Jesus se dood is so 'n vraagstuk.

Die vraag waarom dit hier gaan, is in hoeverre 'n kruisteologie in Pauliniese sin, in die Johannesevangelie teenwoordig is. Die vraag is dus of die Johannesevangelie die kruis net so sentraal stel soos wat Paulus dit doen. Navorsers soos Bultmann (1958: 385—392) en Bornkamm (1968: 104—21) is van oordeel dat terwyl die evangelis kruisiging en verheerliking op 'n paradoksale wyse verbind, (nog 'n dubbele projeksie!) hy juis in die dieptepunt van die kruis die volmag van God tot uitdrukking bring.

Hierteenoor staan die opvatting van Käsemann (1971: 16—54). Volgens hom het die evangelis die godheid van Jesus só beklemtoon dat die inskakeling van die lydensgeskiedenis vir die evangelis inderdaad 'n probleem geword het.

Soos reeds gesê, kan die nagaan van die verteller se karaktertekening van Jesus hier 'n bydrae lewer. Wie Jesus ken, ken Hom as die Een wat deur die Vader gestuur is (5: 24, 38) en wat na die Vader terugkeer. Hierdie opdrag van sy Vader voer die Seun gehoorsaam uit. Die verteller teken Jesus dus veral as die gestuurde wat gehoorsaam sy opdrag vervul. Bühner (1977: 234) is reg wanneer hy die gesant-Christologie as een van die modelle van die evangelis uitwys.

Die spraakpatroon van die verteller rondom 'ken' teken die Christologie in die konteks van sy Teo-logie. Jesus is deur die Vader gestuur en gehoorsaam die Vader. Al gee 'ken' en 'glo' dus veral reliëf aan die geloof in Jesus, funksioneer ook hierdie reliëf binne die raam van sy Teo-logie (vgl 8: 54v). Jesus gehoorsaam die Vader omdat Hy die Vader

ken. Ook as Hy kruis toe gaan, gehoorsaam Hy sy Vader en is dié gehoorsaamheid openbaring van sy liefde vir die Vader (14: 31). Die kruis is 'n onderdeel van die dinamiese verhouding tussen Jesus en die Vader. Dit is juis die verteller se spraakpatroon rondom 'ken' wat hieraan die duidelikste uitdrukking gee.

Daar sal dus nie saam met Bultmann gesê kan word dat die kruis by die evangelis dieselfde sentrale plek beklee as by Paulus nie. Daar sal egter net so min met Käsemann saamgestem kan word dat die godheid van Jesus só beklemtoon is dat die kruis eintlik 'n verleentheid word.

Reeds Becker (1981: 405v) het in noue aansluiting by Bühner (1977) daarop gewys dat die opdraggewing en opdraguitvoering tesame die grondbepaling vir die verlossing is. Hierdie gestuur-wees van Jesus ontspring by die Vader en eindig weer by die Vader. Hierdeur word Jesus se dood ook 'n poort vir sy terugkeer na die Vader (vgl 7: 33; 8: 14, 21vv; 13: 3, 33, 36; 14: 4, 28v; 16: 5, 10, 17). Becker wys verder daarop dat Jesus se kennis van sy 'vanwaar' en sy 'waarheen' 'n sleutelrol speel in die evangelis se Christologie. Hy wys verder daarop dat Jesus se dood die oorwinning oor die dood en duiwel is. In dié sin 'moet' Jesus sterf (3: 14).

Die antwoord vanuit 'n vertellingsontleding op die vraag hoe die evangelis die dood van Jesus dui, steun die insigte van Bühner (1977) en Becker (1981). Bühner (1977: 113vv) is reg as hy stel dat nie een van die twee Christologiese modelle (Woord en gesant) van die Johannesevangelie as dié interpretament van die Christologie moet geld nie. Daar moet nie gepoog word om die twee grondmotiewe so te harmoniseer dat die klemtoon van die een of die ander verlore gaan nie. Die differensiëring in die eenheid van die Christologie mag nie opgehef word nie (Bühner 1977: 114).

Indien aanvaar word dat die verteller van 'n tegniek gebruik maak om beelde oormekaar te projekteer, is dit duidelik dat 'n Christologie gestalte aanneem wat in 'n besondere eenheid tog nie die klemtone van afsonderlike modelle ignoreer nie. In die lig hiervan is Jesus se kruisdood nie 'n verleentheid nie. Daar sal dan ook nie sonder meer gesê kan word dat Jesus se kruisdood op dieselfde manier as by Paulus sentraal staan nie. Die perspektief van die verteller is dus omvattend. Die kruisdood van Jesus ontvang klemtoon (14: 31; 19: 30) in die breër raam van Jesus se persoon en opdrag (vgl Becker 1981: 405).

In Jesus se terugkeer na die Vader word die Logos-christologie en die gesant-christologie tot 'n eenheid gebind. As Woord by God en Woord

wat God is, is dit te verstane dat Hy terugkeer. As Gestuurde keer die Gesant na sy Sender terug.

### 3.3 Die gehoorsaamheidsaspek van **'ken'/'glo'**

Reeds toe die verband tussen 'ken' en 'stuur' nagegaan is, het dit duidelik geword dat kennis en opdrag nóú saamhang (vgl ook 1: 14vv en 10: 14vv). Jesus ken nie alleen die wil van die Vader nie, maar Hy doen ook die wil van die Vader (4: 34; 5: 30; 6: 38; 10: 17v; 14: 31). Omdat Jesus die wil van die Vader volkome gehoorsaam, is Hy die legitieme gestuurde van God (Bühner 1977: 209). Die woorde van Jesus in 5: 36 stel dit uitdruklik: 'Die werk wat die Vader My gegee het om te voltooi en waarmee Ek nou besig is, lê oor My getuienis af en bevestig dat die Vader My gestuur het' (vgl 17: 4).

Bultmann (1978: 290) stel dit tereg dat 'ken' as 'n eksistensiële gehoorsaming van die gebooie, verder voltrek word in die liefde (vgl 13: 34; 14: 21vv; 15: 12, 17). Jesus se skape wat Hom ken, luister na sy stem (10: 14 en 10: 2, 4). Wat die gelowiges betref, groei kennis van 'n sentrum wat kennis is van Jesus se sending deur die Vader, uit tot navolging van en gehoorsaamheid aan Jesus.

### 3.4 Die soteriologiese konteks van **ken/glo en stuur**

Die konteks waarin kan/glo funksioneer, is soteriologies (vgl Bühner 1977: 265). Hierdie konteks word breed uitgewerk. God het sy Seun na die wêreld gestuur sodat die wêreld deur Hom gered kan word (3: 17; vgl 8: 24) en nie geoordeel word nie. God het sy Seun gestuur sodat Hy dié wat God aan Hom gegee het, uit die dood sal laat opstaan. Hiermee kom die ewige lewe wat die Seun skenk aan die wat in Hom glo, in noue verband met 'ken'/'glo' en 'stuur' (3: 16 vv; 6: 40; 17: 3) sluit ook nóú by die eksisten siële aspek van die verteller se spraakpatroon aan wanneer Jesus sê dat die waarheid vry maak van sonde (8: 31–40).

### 3.5 **Die konsentriese konstruksie van 'ken'/'glo' en 'stuur'**

Die konsentriese konstruksie van 'ken'/'glo' en 'stuur' hang saam met die Teo-logie van die Johannesevangelie. Hierdie struktuur hang ook saam met die Christologie van die verteller. Dat Jesus bloot wat frekwensie betref, meer dikwels die voorwerp van 'ken' is, gee uitdrukking aan die gedagte dat Jesus ook die kenmiddelaar is.

Wat die Teo-logie betref, het Louw (1968: 32v) dit reeds tereg

benadruk dat Johannes stel dat niemand God kan ken nie (vgl 1: 18). Die Logos vertel (*exēgēsato*) ons egter van die Vader. Louw (1968: 35) is versigtig om die woord *exēgēsato* nie teen die agtergrond van 'n Christologiese konstruksie te verklaar nie. Alhoewel hy toegee dat 'n Christologie hier 'n rol kan speel, bepaal hy die betekenis nie teen dié agtergrond nie, omdat daar dan te maklik betekenis 'ingelees' kan word.

Die konsentriese konstruksie is verder 'n uitdrukking van albei die Christologiese beklemtonings (Logos en gesant) van die verteller. Die konsentrisiteit verloop dan só: Jesus ken die Vader (8: 55; 10: 15). Die gelowiges ken Jesus as die Gesant van die Vader (Hy wat gekom het en wat terugkeer). Hierdeur ken hulle ook die Vader wat Hom gestuur het (12: 47, 50; 13: 3; 14: 7). Dit is opvallend dat ook hierdie konsentriese 'ken' in 'n soteriologiese konteks funksioneer. Veral die werkwoord 'om lief te hê' tree in hierdie soteriologiese konteks duidelik na vore om aan hierdie sirkelkonstruksie rondom ken/glo reliëf te gee (14: 31; 16: 27; 17: 21–26; vgl ook 3: 35; 10: 17; 15: 9; 16: 27).

## 4. GEVOLGTREKKING

Hierdie studie het aangetoon dat wat die Johannesverteller betref, die fraseologiese vlak 'n belangrike rol speel om uitdrukking te gee aan die verteller se teologiese perspektief. Dit is veral die fraseologiese vlak wat uitdrukking gee aan die **dinamies-eksistensiële** teologiese perspektief van die verteller.

'n Dominante aspek van die verteller se teologiese perspektief wat rondom 'ken' na vore kom, is die Christologiese legitimiteitsvraag. Hier versmelt die uitdrukkingswyse van die verteller en sy karakters, Jesus, Johannes die Doper, die Samaritane en die Jerusalemse Jode (vgl Culpepper 1983: 38) om 'n spraakpatroon te vorm. Jesus weet dat Hy deur die Vader gestuur is en dat Hy na die Vader terugkeer. Op grond van hierdie kennis, gehoorsaam Jesus die Vader. Omdat Jesus Woord is wat God is én Gesant van die Vader is, vertel Hy nie alleen van die Vader nie, maar is Hy ook die Verlosser van die wêreld wat juis ook deur sy sterwe aan die kruis die lewe kan gee. Dit weet die verteller goed en hy doen 'n beroep op sy leser om dit saam met hom en die gelowiges in sy verhaal te bely. Hy roep sy leser ook op om saam met hom en die gelowiges Jesus te gehoorsaam.

Literatuurverwysings


BECKER, JURGEN 1979. *Das Evangelium des Johannes. Kapitel 1–10.* Würzburg: Echter.

BECKER, JURGEN 1981. *Das Evangelium des Johannes. Kapitel 11–21.* Würzburg: Echter.

BORNKAMM, G 1968. Zur Interpretation des Johannes-Evangeliums. *BEvTh* 48, 104–21.

BÜHNER, JAN-A 1977. *Der Gesandte und sein Weg im 4. Evangelium.* Tübingen: Mohr.

BULTMANN, R 1958. *Theologie des Neuen Testaments.* Tübingen: Mohr.

BULTMANN, R 1978. *Das Evangelium des Johannes.* Göttingen: Vandenhoeck.

CULPEPPER, RA 1983 *Anatomy of the fourth gospel.* Philadelphia: Fortress.

DU PLOOY, HEILNA 1986. *Verhaalteorie in die twintigste eeu.* Durban: Butterworth.

DU RAND, JA 1985. The characterization of Jesus as depicted in the narrative of the fourth gospel. *Neotestamentica* 19, 18–36.

ENGELBRECHT, E 1984. Die eskatologie van die Johannesevangelie. *Theologia Viatorum* 12/1, 22–31.

ENGELBRECHT, E 1986. Paulus se "godsdienspatroon" en die bepaling van verwysing. *HTS* 42/2, 350–377.

GRÄBE, INA 1986. Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan: Narratiewe tegnieke en vergelykings-konstruksies. *HTS* 42/2, 265-281.

GENETTE, G 1980. *Narrative discourse.* Oxford:Blackwell.

KÄSEMANN, E 1971. *Jesu letzter Wille nach Johannes 17.* Tübingen: Mohr.

KOLAKOWSKI, L 1985. *Main currents of Marxism. 1 – the founders.* Oxford: Oxford University Press.

LOUW, JP 1968. Narrator of the Father. *EXĒGEISTHAI* and related terms in Johannine Christology. *Neotestamentica* 2, 32–40.

NETHÖFEL, W 1983. *Strukturen existentialer Interpretation. Bultmanns Johanneskommentar im Wechsel theologischer Paradigmen.* Göttingen: Vandenhoeck.

PATTE, D & PATTE ALINE 1978. *Structural exegesis: From theory to practice.* Philadelphia: Fortress.

USPENSKY, B 1973. *A poetics of composition. The structure of the artistic text and typology of a compositional form.* (Translated by V Zavarin & S Wittig). Berkerley: University of California Press.

VAN AARDE, AG 1982. God met ons. Dié teologiese perspektief van die Matteusevangelie. Ongepubliseerde DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.